Dinsdag 11 Augustus
Skrifgedeelte: Spreuke 19
Fokusgedeelte: Spreuke 19:11
Wees lankmoedig in jou woede, soos God lankmoedig is

Alhoewel woede in wese nie verkeerd is nie (Ef. 4:26), is dit 'n geweldige sterk emosie wat weens ons bose harte maklik skeef kan trek. Die wyse waarop dit aangespreek behoort te word, is met diskresie of skranderheid. In die breër gesien, beteken dit dat jy die vaardigheid het om met insig God se geopenbaarde wil toe te pas in jou lewe soos en waar nodig. Jy gebruik 'n spesifieke geopenbaarde waarheid van God om 'n spesifieke plek in jou lewe aan te spreek.

In hierdie konteks behels dit om te besef hoe broos jy is in jou emosies en nie te gou oor te gee in woede nie. Dus is jy lankmoedig, wat in direkte kontras staan van die dwaas wat 'n kort lont het (Spr. 14:18). Om te gou kwaad te word, is soos om enige plek in die oseaan in te spring sonder om die seestrome in berekening te neem. Dit mag jou by 'n plek uitbring waar jy nooit wou wees as jy eers mooi na die saak gekyk het nie.

God self, wat alle reg het om kwaad te wees vir ons weens ons sondige harte, is stadig om kwaad te word (Num. 14:18). In lyn met die tweede deel van die spreuk het Hy ons sondes oorgesien deur sy Seun Jesus Christus. God het self nie kwaad met kwaad vergeld nie. Daarom bring ons eer aan God daarvoor, want ons sien hoe wonderlik is dit dat God wat reg het om kwaad vir ons te wees, ons eerder vergewe het. Hierdie waarheid van die verlossing is wat ons moet gebruik elke keer as ons kwaad word of naby daaraan is. Hiertoe kan net God se Gees ons help om ons vlambare harte te demp met die koel waters van God se genade.

*Sing: Psalm 90-1:6, 7*

*Ds. JA (Jandré) Coetzee (Kleinmond)*